Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 ,
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.bosveldsales.co.za

NUUSBRIEF DESEMBER 2012 / NEWSLETTER DECEMBER 2012

Weereens wil ons al die deelnemers van die 2012 seisoen bedank vir hul deelname. Dit was regtig vir ons 'n voorreg om u duiwe te beproef. Ons het goeie kwaliteit duiwe ontvang en daar was goeie kompetisie. Baie geluk aan elkeen wat pryse gewen het en aan die wat ongelukkig was, miskien is 2013 jou jaar.

Die inname vir 2013 is alreeds in volle swang. Daar is ongeveer 190 duiwe in die Ope-hok ingeskryf waarvan nog ongeveer 30 te koop is. Die lys van beskikbare duiwe is op ons webtuiste beskikbaar. Hierdie duiwe vlieg in 'n afsonderlike wedvlug en word 'n halfuur na die jong duiwe losgelaat. Die prysgelde vir die 2013 seisoen is ook aangepas met uitbetalings tot die 10de plek van elke wedvlug.

Die jongduif inname vorder ook baie goed en ons is alreeds verby die halfpadmerk van 350. Die kwaliteit duiwe wat tot dusver ontvang is, is werklik uitstekend en hokafrigter Dawie Wiese is baie tevrede met die hoë standaard sowel as die gesondheid van die duiwe. Hy kan nie wag vir die 2013 seisoen nie, want in sy eie woorde "Hier kom 'n ding!"

Die hok is oor die hele feestyd oop vir innames. Innames sluit teen die einde van Februarie 2013.

Die personeel van die Sentrale Hokke wens u 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe. Mag 2013 vir u groot duiwesukses inhou.

We would like to thank all those who participated in the 2012 season. It was a great pleasure to host your pigeons. We received high quality pigeons and the competition was very tight. Congratulations to all prize winners and to those that missed out on the prizes, better luck next year.

Entries for the 2013 season are well on their way. 190 Pigeons were entered into the Open Loft of which more or less 30 are still available for entry at a fee of R1,000. Please visit our website for a list of the available pigeons. The Open Loft is a totally different race and liberation takes place half an hour after the yearlings. The prize monies for 2013 were adjusted and will pay up to the 10th place.

The yearling entries have now passed the half way mark of 350. The quality of pigeons received to date is really exceptional and trainer Dawie Wiese says that he can't wait for the 2013 season.

During the festive season the loft will be open to receive pigeons, so please be sure to send your entries for the 2013 season. Entries close at the end of February 2013.

To you and your loved ones a Merry Christmas and a prosperous 2013.

Season Greetings

Koot Strydom